# MESSENGER

OPGERIG 1876 – ESTABLISHED 1876 KERKSTRAAT 36, VICTORIA-WES 7070 ☎053 621 1207 FAX 027 341 1686

VRYDAG 20 JULIE 2018 R8,00 FRIDAY 20 JULY 2018



Om in dié koerant te adverteer
Bel of Faks Lindie
**053 621 1207**
vir uitstaande resultate

E-pos: messenger.indraf@gmail.com
KERKSTAAT 36, VICTORIA-WES 7070


SKIETPROEWE OP RAMSKOPBAAN

## Andries skiet 'n eerste voltal

**CALVINIA – Op Saterdag 7 Julie 2018 het Boesmanland Jagklub weer Kaapjag proewe aangebied te Ramskop Skietbaan.**

Hierdie proewe dien as een van die laaste geleenthede wat lede het om te kwalifiseer vir die Nasionale Skiet Kompetisie wat in Oktober 2018 te Bloemfontein aangebied gaan word.

Deelnemers het 'n totaal van 4 teikens gehad waarop hulle moes skiet, om mee te ding vir die hoogste moontlike dagtotaal uit die beskikbare 600 punte. Deelnemers het ook die geleentheid gehad om in twee verskillende kategorieë deel te neem, naamlik Standaard en Ope klas.

Op 'n dag gekenmerk deur verrassings, het Andries Thiart die eerste Boesmanland skut geword wat hierdie CHASA dissipline in die Ope klas met 'n voltal van 600 uit 600 voltooi het.

Die tweede plek het gegaan aan HJ Visagie met 530 punte en derde plek het aan Jaco van Niekerk behoort met 495 punte.

In die Standaard klas het Andries Thiart weer eens koning gekraai met 'n totaal van 545 punte, tweede was Tiaan du Toit met 500 punte en in die derde plek was Izak Hanekom



BRAND BRING HERINNERINGE

## Juffrouens vertel van koshuisdae

**VICTORIA-WES – Alhoewel nie altyd ewe interessant nie, het elke mens en plek 'n storie.**

Dit het weer duidelik geword na die brand wat die meisieskoshuis op die dorp gedeeltelik verwoes het.

Baie van die ouer dames se herinneringe is weer losgewoel.

Menige jong onderwyseres se eerste verblyf in die grootmenswêreld was of is in 'n koshuis. So onthou Joan Human, 'n gebore Bolander, haar eerste nag in die Karookoshuis nog baie goed. Sy beskryf dit as 'n warm Karoonag. "Ek was

haar hart deur 'n man wat haar na 'n verjaarsdagpartytjie uitnooi. Later jare stort sy toe weer trane; die keer oor hulle bloedjies wat moes koshuis toe.

Tannie Bessie van der Westhuizen se hond, Eitermegeits, is nog 'n koshuis herinnering. Volgens Joan het die altyd so waggelend saamgestap kombuis toe. Maar van die lekkerste onthou is die heerlike kos wat tannie Bessie en tannie Plax voorgesit het; veral die beesstew!

Vanaf 1993-1998 was die koshuis ook Erna Jeppe se tuiste. Alhoewel die eerste ses maande moeilik was om die